Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier
Nuusbrief Donderdag 24 September 2020

Gedagte van die week:
Luister na mense met die oor van jou hart. (Benedictus van Nursia; 480-547)
Vertrekpunt:
Matteus 21:23-32
Meditasie uit die teks:
Die lewe is vol uitdagings en uitdagers. Die mees prominente en lastige uitdagers is diegene wat 'n mens gedurig uitdaag (uitnooi?) tot verandering. Hulle kan jou nogal moegmaak, want 'n mens is mos baie keer nie lus vir verandering nie. Jesus is een van die groot uitdagers. Hy daag ons uit om anders te kyk na geloof en godsdiens, anders te kyk na die tollenaars en samaritane van ons eie tyd, anders te kyk na geld en goed, anders te kyk na vyande en vriende, anders te kyk na kruisdra en lewe en dood, ensovoorts. En moenie 'n fout maak nie, hierdie uitdagings bedreig 'n mens soms. Dit bedreig die gemak van jou huidige lewenswyse, dit bedreig jou status, dit bedreig jou politieke denke, dit bedreig jou algemene verstaan van die lewe, dit kan jou laat sleg en skaam voel oor dinge waaroor jy voorheen glad nie skaam was nie. Die familiehoofde en priesterhoofde het dit baie naby aan hulle lewens ervaar wanneer Jesus die tempel reinig en daarom reageer hulle verdedigend en aanvallend op Jesus se uitdagings. Die beste manier om jouself teen 'n uitdager te beskerm is om sy/haar "credentials" aan te val. Maak die uitdager net verdag, bevraagteken sy/haar geloofwaardigheid en dan hoef jy niks te verander nie en dan kan alles bly soos dit was en is. Dit is presies wat die priesterhoofde en die familiehoofde in ons teks doen. Die ongeluk is net dat hulle langs hierdie weg hulleself uitsluit uit die koninkryk van God terwyl hulle vasgeroes is in hulle eie bedenklike sisteempie. Daarteenoor staan die tollenaars en die prostitute … hulle aanvaar die uitdaging en verander. Saggeus in Lukas 19 is die mooiste voorbeeld van iemand wat die Uitdager in sy huis innooi. En dan verander Saggeus. En dan verander alles!
Youtubeskakel:
Hier is jou skakel na Sondag 27 September 2020 se reisgesprek. Jy is welkom.
https://youtu.be/leLZnTb6j1Y
Meditasie uit die lewe:

Richard Rohr haal hierdie week in sy nuusbrief vir Adam Bucko aan wat die volgende sê: "But it's also important to say, a lot of young people don't actually identify with a tradition any more. . . . Many of our churches, synagogues and mosques are freaking out when they hear this, thinking that young people are no longer interested in the sacred. But to me it is clear that young people are not necessarily rejecting God, they simply feel that many religious organizations lost touch with reality and are too concerned with money, power, self-preservation, maintaining the status quo, and 'having right beliefs'. As a result, they tend to view them . . . as organizations that are spiritually bankrupt, that are no longer able to speak to and address some of the big questions of our time. And it takes deep insight and spiritual courage to see that. It is for this reason and many others that I don't think of the rise of the 'spiritual but not religious' among our youth as a sign of spiritual decline but rather a new kind of spiritual awakening. . . .

We have to acknowledge that when people hear about spiritual and not religious people, they often immediately think that these are people who are just shopping around and not really that committed.

But when we look at some of the people who come from that group, we realize that actually many of them spend more time [in spiritual practices] than regular churchgoers."

Ek dink hieroor .... miskien moet ons ons kinders nie probeer vashou vir ons "sisteem" nie, maar hulle vrymaak om God te ontmoet waar God hulle ontmoet. Hulle verhouding met God is na alles sekerlik meer belangrik as kerklidmaatskap. Miskien is die uitdaging nog groter: om God vry te maak van ons en ons sisteme. Miskien moet ons net ophou om te dink dat ons God kan vang en vashou! Ek dink nog hieroor ....

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of **jjn1@telkomsa.net**